Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

NUUSBRIEF 07/05 2021

Geagte Ouers/Voogde

1. **<u>Lief en Leed</u>:**
   Dit is met leedwese dat ons verneem het van die heengaan, Maandag, van een van ons geliefde oudskoolhoofde, mnr. Kowie Swiegers. Hy was baie lief vir die Langkloof en het ‘n groot indruk op sy oudleerders en oudpersoneel gemaak.

2. **<u>Personeelaangeleenthede</u>:**
   Mev. Lanie McMaster het bedank. Mev. Simoné v.d. Mescht neem intussen haar klasse waar.

3. **<u>ID’s</u>:**
   Die Departement van Onderwys kom Dinsdag, 11 Mei, om 10 uur skool toe vir identiteitsdokumente vir kinders, 16 jaar en ouer wat nie ID’s het nie:
   - Ouer/voog moet 10 uur by die skool wees.
   - Ouer moet die volgende saambring:
     - ID òf geboortesertifikaat van ouer/voog.
     - Geboortesertifikaat van die kind.

4. **<u>Busgeld</u>:**
   <u>Busgeld vir 2de kwartaal 2021</u>:
   Misgund: R2 080,00
   Louterwater: R1 860,00
   Krakeel: R1 640,00

   Busgeld is vooruitbetaalbaar en moet teen 17 Mei 2021 vereffen word. Indien busgeld nie betaal is nie, mag leerders ongelukkig nie verder van die busdiens gebruik maak nie.

   Bankbesonderhede: Bestuursliggaam HS McLachlan
   ABSA Joubertina
   Rekeningnommer: 1970 430047
   Tipe rekening: Tjek
   Takkode: 334415
   Verwysing: KIND SE NAAM EN VAN

   Ons doen weereens ‘n vriendelike, dog dringende versoek, dat EFT-betalings se verwysings die betrokke leerder se naam en van op sal hê, én dat ‘n betalingsbewys, met verduideliking waarvoor die inbetaling is, na mev. Mattheus by admin@hsmclachlan.co.za ge-epos sal word.

herotel IGEN

5. **<u>OOV-Fondsinsameling 2de Kwartaal 2021</u>**
   Die OOV se projek vir kwartaal 2 is lootjieverkope vir “hampers”. Leerders sal teen Vrydag, 14 Mei, briefies by hul klasregisteronderwysers kry om die spesifieke graad se “hamper-inhoud” bekend te maak. Ons versoek ouers om asseblief deel te raak van hierdie projek. Alle donasies vir die “hampers” moet asseblief teen 28 Junie 2021 in wees, sodat daar genoeg tyd sal wees om die geskenkpakke vir die trekking op 9 Julie 2021 gereed te kry... (‘n Bietjie nuus uit die binnekring: Vanjaar se “hampers”gaan “tone-omkrul-lekker” wees.)

6. **<u>Individuele foto’s</u>:**
   Die individuele foto’s word op Vrydag, 7 Mei, (gr. 1- tot 9-groep A en gr. 10- tot 12-leerders) en Woensdag, 12 Mei,(gr. 1- tot 9-groep B) geneem. Hierdie jaar word ALLE leerders van gr. 1 tot 12 individueel afgeneem. Die fotograaf stuur dan later in die kwartaal ‘n bestelvorm met ‘n voorbeeldfoto van u kind(ers). U kry dan die geleentheid om te besluit of u foto’s wil bestel. U hoef nie vooraf ‘n bestelling te plaas nie. Kyk asseblief dat u kind(ers) netjies lyk vir die individuele foto’s op **VRYDAG, 7 Mei en WOENSDAG, 12 Mei.**

7. **<u>Langtafelaand: Vrydag, 28 Mei 2021</u>:**
   Kaartjies vir die langtafelaand sal by mev. Mattheus by die skool beskikbaar wees.

8. **<u>Karoo to Coast – fietswedren: 26 September 2021</u>:**
   Hierdie is weer ‘n geleentheid vir Hoërskool McLachlan om geld in te samel. Ons soek bestuurders om deelnemers se voertuie van Uniondale na Knysna te neem. Die skool verdien R850 per voertuig. Indien u beskikbaar is, kontak Daleen Strydom by 042 2731335 of stuur ‘n e-pos na info@hsmclachlan.co.za.

9. **<u>Covid-prosedure</u>:**

   <u>Prosedure voor skool:</u>
   Die skool se hekke word elke oggend om **07:30** oopgesluit en word weer om **07:50** gesluit.
   Leerders wat na 07:50 by die skool opdaag, moet by die sekretaresse aanmeld.

herotel IGEN

Ingang/Uitgang van onderskeie grade:
Let wel: Skandering vind soggens van 07:30 – 07:50 plaas.

Graad	Hek (ingang) 07:30 – 07:50	Hek (uitgang)	Skandering	Skoolure
1 en 2	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Klein hekkie (12:40)	07:30 - 07:50	Maandag – Vrydag 07:30 – 12:40
3, 7, 8, 11, 12	Bushek (P.J.Retiefstr.)	Bushek (P.J.Retiefstr.)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40
4, 5, 6, 9, 10	**Klein hekkie** (De Waalstraat)	Klein hekkie (De Waalstraat)	07:30 - 07:50	Maandag – Donderdag 07:30 – 14:15 Vrydag: 07:30 – 12:40

LET WEL: Die skuifhek sal NIE meer as in- of uitgang gebruik word nie.

Die volgende reëls moet asseblief vir almal se veiligheid nagekom word:

- Leerders moet by die hekke wag totdat dit oopgesluit word.
- Handhaaf asseblief die vereiste 1,5 m sosiale afstand aan die buitekant van die hekke.
- Leerders moet asseblief nie dorp toe of na vriende se huise toe gaan nadat hulle by die skool afgelaai is nie.
- Die dra van 'n masker (mond en neus bedek) is verpligtend wanneer leerders buite die hekke wag.

10. Sport:

- Afrigters:
  Netbal:

SPAN:	AFRIGTER:	BAAN:
0/14	juf. Elaine Strydom	Vierkant by skool
0/15	juf. Leishe du Preez	Bane by sportveld
0/16	juf. Debbie de Jager	Bane by sportveld
0/17	mev. Simoné van der Mescht	George McLachlansaal
0/19	mev. Simoné van der Mescht	George McLachlansaal

Rugby:

SPAN:	AFRIGTER:	VELD:
0/14 & 0/15	mnr. André Kritzinger	Sportveld
0/16	mnr. Willie Boshoff	Sportveld
0/19	mnr. Daniël Terblanche / mnr. Alwyn Boshoff	Sportveld

S. Pienaar

S. PIENAAR
Waarnemende Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan
herotel IGEN
McLachlan Internet Fasiliteit